AFDELING A

Vraag 1

Bestudeer die onderstaande leesstukke. Beantwoord vrae 1 – 6 deur een van die moontlike antwoorde in Kolom B te kies wat by die frase in Kolom A pas. Skryf slegs die letter (A – G) in die oop spasies wat voorsien is. Elke letter kan net een keer gebruik word.

Advertensies op die Internet

Mieliestronk CD-ROM. Noodsaaklik vir skoolprojekte. Die Mieliestronk CD-ROM bevat honderde leersame artikels. Dit is ideaal vir skooltake en in pas met wat leerders NOU nodig het, aangesien elke artikel spesifiek nagevors is nadat versoeke daarvoor ontvang is.

Mediese Fondse – Gefrustreerd met inbelsentrums? Moenie verder sukkel met inbelsentrums nie. Laat ons namens jou met die fondse kommunikeer! Vir meer inligting, kontak Marinda de Villiers by 0825248744.

Werk van die huis af. Ekstra inkomste tuis. Hier is ‘n goeie geleentheid waarmee jy maklik en wettig ‘n **ekstra inkomste** kan verkry. **Werk van die huis af** as jy wil. As jy toegang het tot ‘n rekenaar en die Internet en bereid is om elke week ‘n uur of twee hieraan te werk, kan daar binnekort gereelde maandelikse betalings in jou bankrekening wees. Ideaal vir mense wat van die huis af wil werk en troos vir diegene wat bekommerd is oor werksgeleenthede of veranderende werksomstandighede.

Jannie en die Tannie – Kom toer saam na Kanada. Kom toer saam met Jannie du Toit en Christa Steyn deur Kanada – vanaf 29 September tot 13 Oktober 2008.

BEKOMMERD? Is jy bekommerd oor jou gesondheid, permanente moegheid, die voedingswaarde van deesdae se kos, kinders wat nie kan konsentreer nie of die ekstra kilo’s wat nie verdwyn nie?

Besoek ons webwerf vandag en kry gratis aanwysings om gewig te verloor, asook wat jy moet weet oor jou gesondheid.

“Digital Planet”-afslagkoepon

“Digital Planet” is Suid-Afrika se voorste aanlynwinkel wat rekenaarprodukte en digitale kameras betref. Hulle bied nou aan Die Knoop se besoekers ‘n spesiale afslagkoepon wat vir ‘n beperkte tydperk geldig bly. Jy kan dalk nou uiteindelik daardie nuwe digitale kamera bekostig!

Veilige Suid-Afrikaanse Internetkasino

Silversands nooi jou uit om hulle speletjies vir ‘n *spin* te vat. Nuwe spelers kan onmiddellik tot N$3000 regte geld gratis kry waarmee hulle kan begin speel en die kat uit die boom kyk. 24-uur tolvrye hulpnommer. Speel met rande, Namibiese Dollars of ponde. Plaaslik en veilig.

Voorwaardes, geld en aanbiedings verander van tyd tot tyd.

Skakel die middelman uit

Vul die jaar en model van jou motor in die vorm op die Internet in, beantwoord nog ‘n paar vragies en kry ‘n kwotasie vir ‘n baie goeie huisinhoud- en motorversekering. Tot N$300 per maand minder is nie ongewoon nie.

(Verwerk uit: *Die Knoop* webtuiste)

A		B	
1.	Verskaf leersame artikels wat leerders nodig het.	A	Bekommerd?
2.	Werk elke week 'n uur of twee en verdien 'n ekstra inkomste.	B	Internetkasino
3.	Gratis hulp is beskikbaar om gewig te verloor.	C	"Digital Planet"
4.	Die Knoop se besoekers kan 'n kamera met 'n afslagkoepon hier koop.	D	Skakel die middelman uit.
5.	Voorwaardes om te speel en aanbiedings wat van tyd tot tyd verander.	E	Mieliestronk CD-ROM
6.	Hier kry jy goeie motorversekering.	F	Toer na Kanada
		G	Ekstra Inkomste Tuis

1 ..... [1]

2 ..... 1]

3 ..... 1]

4 ..... 1]

5 ..... 1]

6 ..... 1]

Totaal: [6]

Vraag 2

Lees die onderstaande leesstuk noukeurig deur en beantwoord vrae 1 – 6 deur slegs ‘n regmerkie (✓) te maak in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Die ongeloodte potlood

Al ooit gewonder hoe kom die *lood* in die potlood? Nee, dit word nie ingeforseer in ‘n lang tonneltjie wat deur ‘n stokkie geboor word nie! Die proses verloop heel anders.

Eers word ‘n blok uit geskikte hout gesaag. Hierna word die blok in planke opgesaag. Daarna word gleufies aan die een kant van elke plank aangebring. Grafietstafies word in die gleufies geplaas en ‘n tweede plank met ‘n gleufie word soos ‘n toebroodjie bo-op die eerste geplaas. Die planke word aan mekaar vasgelym. Hierdie “potlood-toebroodjie” word dan gesaag om die potlode van mekaar te skei. Die potlood word geverf en afgewerk.

Is daar werklik lood in ‘n potlood? Nee. Dié bekende skryfinstrument het sy naam gekry weens ‘n verwarring in die geskiedenis.

Mense het eers gedink die grafiet wat daarin voorkom, is ‘n soort lood. Die volle naam, potlood, het ontstaan deurdat daar vroeër met loodstafies geskryf is.

So praat die Nederlanders van ‘n “loodpennetje” en die Duitsers van ‘n “Bleistift” (loodstif). Die Engelse “lead pencil” is deels gekry van ‘n Oud-Engelse woord vir ‘n kwas.

Die moderne potlood het moontlik geraak toe ‘n suiwer samestelling van grafiet in 1564 in Cumbria in Noord-Engeland ontdek is. Die jaar daarna het ‘n Duits-Switserse natuurkundige, Conrad Gesner, vir die eerste keer ‘n stuk skryfgereedskap beskryf waarin grafiet binne-in ‘n houer van hout geplaas is.

Die sukses in die potloodtegnologie het in 1795 plaasgevind toe ‘n Franse skeikundige, Nicholas-Jacques Conté, ‘n mengsel van klei, fyn verpoeierde grafiet en water in ‘n droogoond verhit het. Daarna het hy dit in ‘n gleuf in ‘n houtstiffie vasgelym, wat toe met ‘n tweede houtstiffie verseël is. Conté se metode word vandag steeds gebruik met die vervaardiging van potlode.

Die moderne proses vereis dat ‘n pasta van grafietpoeier, klei en water halfpad gedroog word totdat dit so styf soos nat stopverf is. Dit word dan deur klein gaatjies geforseer, waarna die lang stringe versigtig op ‘n plat oppervlak neergelê word.

In ‘n atmosfeer waarin die lugvogtigheid en temperatuur gedurig volgens prosedure afgewissel word, word die stringe verder droog gemaak. Dié word dan tot meer as 1000° C verhit. Die grafietstiffies word dan met natuurlike wasse deurweek om dit gladder te maak.

Hoe meer klei by die grafiet in ‘n potlood gevoeg is, hoe harder is die ‘’lood’’. Vir kleurpotlode word allerhande ander bestanddele gebruik. Die hout in potlode kom van bome met ‘n sterk, reguit grein en ‘n tekstuur wat teen die grein in met ‘n potloodskerpmaker gesny kan word.

Met die samevoeging van die grafiet- en houtstiffies word die proses voltooi en is die nuttige produk gereed om die wêreld ingestuur te word.

Viva die potlood!

(Uit: *Mieliestronk* webtuiste)

1 Om die stadium van die “potlood-toebroodjie” te bereik, word die planke

A ☐ aan mekaar vasgelym.
B ☐ in ‘n droogoond gebak.
C ☐ van gleufies voorsien.
D ☐ van ‘n uitveër voorsien. [1]

2 Mense het eers gedink die grafiet wat daarin voorkom is ‘n soort

A ☐ klei.
B ☐ koolstof.
C ☐ lood.
D ☐ pasta. [1]

3 Die metode om ‘n potlood te maak, soos ons dit vandag ken, kom van ‘n man wat afkomstig is vanaf

A ☐ Duitsland.
B ☐ Engeland.
C ☐ Frankryk.
D ☐ Nederland. [1]

4 Tydens die finale proses word die lang stringe pasta

A ☐ drooggemaak.
B ☐ in gaatjies geforseer.
C ☐ met wasse deurweek.
D ☐ reguit gemaak. [1]

5 Die hout in potlode kom van bome met ‘n

A ☐ kleurmengsel.
B ☐ reguit grein.
C ☐ sagte tekstuur.
D ☐ sterk tekstuur. [1]

6 *Viva die potlood!* beteken:

A ☐ Daar is lood in die potlood.
B ☐ Lank lewe die potlood.
C ☐ Potlode is uit die mode.
D ☐ Potlode is onbekend. [1]

Totaal: [6]

Vraag 3

Bestudeer die onderstaande leesstuk en beantwoord vrae 1 – 8 deur die antwoorde in te skryf in die spasies wat daarvoor voorsien is. Volsinne is nie nodig nie.

Vlermuiswêreld

Vlermuise is diere met nare reputasies.

Eintlik verdien hulle dit nie, want hulle tel onder die grootste vriende van die mens. Baie dinge wat mense dink hulle van vlermuise weet, is nie waar nie. Vlermuise is nie blind nie. Hulle is ook nie muise nie. Hulle is nie eens knaagdiere nie. Die waarheid is dat vlermuise onder die nuttigste diere op aarde tel.

Nou weet jy reeds meer van hierdie vlieënde diere as baie mense op aarde. Die tyd is nog lank nie verby dat oningeligtes histeries raak wanneer vlermuise om hulle rondvlieg nie. Dis omdat hulle nog glo die vlermuise gaan hulle byt.

Daarby het die bangmaakverhaal oor die bloeddorstige Dracula beslis ’n ander bygeloof laat ontstaan. Dit is dat sekere vlermuise, die vampiere wat dierebloed drink, eintlik dooie mense is wat in ‘n ander gedaante lewendig geword het. Hulle byt dan onskuldige mense wat ook in vampiere verander.

Maar presies wat is hierdie diere eintlik? Veral die insekvretende soorte tel onder die grootste vriende van die mens deurdat hulle help keer dat die aarde deur insekte oorstroom raak. Snags wanneer ons slaap, kom hulle uit hul skuilplekke om vlieënde goggas (veral muskiete) te vang. Dit doen hulle met ‘n slim soort radar. Hulle stuur kort trillings van ultrasoniese klankgolwe met ‘n frekwensie van sowat 50 000 trillings per sekonde uit. As hierdie golwe ‘n voorwerp soos ‘n insek tref, word hulle in die vorm van ‘n eggo teruggekaats. Die vlermuis kan dus sy prooi selfs in stikdonkerte vind. Baie vlermuis-spesies, soos die vrugtevreters, speel ook ’n belangrike rol in die bestuiwing van plante.

Vlermuise behoort tot die klas *Mammalia* (soogdiere), en maak die orde *Chiroptera* uit. Hierdie orde word onderverdeel in twee sub-ordes: mega-vlermuise en mikro-vlermuise.

Daar is altesaam 850 tot 900 vlermuisspesies. Dis baie meer as in enige ander soogdier-orde. Dit is moontlik dat daar in getal selfs meer vlermuise as knaagdiere op die aarde kan wees. Die *Chiroptera* kom dan ook regoor die wêreld voor, behalwe in die Noordpoolstreek en Antarktika. Suider-Afrika het ’n hele paar dosyn vlermuisspesies. Die wêreld se grootste vlermuis word in Java gevind, met ’n vlerkspan van sowat 1,7 m en ’n liggaamslengte van meer as 40 cm. Die kleinste kom voor in Thailand: slegs sowat 3 cm lank, met ’n gewig van net ongeveer 2 g.

Voëls en vlermuise is die enigste gewerwelde diere wat werklik kan vlieg. Daar is wel ander wat lang ente deur die lug kan sweef, maar net voëls en vlermuise het rêrig vlerke. Baie soorte vlermuise het ’n lae weerstand teen sekere insektedoders soos DDT, wat hul liggame deur middel van die voedselketting kan binnedring en daarin kan opbou. Sekere soorte op die lys van bedreigde spesies het juis al erg gely weens die gebruik van plaagdoders in die landbou. Dit maak bewaringsbewustes bekommerd.

Niemand kan werklik beweer dat ons nederige vlieënde soogdiertjies van minder belang is as enige ander diere wat op die rand van uitsterwing is nie.

Lank lewe die vlermuis!

(Uit: *Mieliestronk* webtuiste)

1 Noem minstens een rede wat aandui dat die mens oor die algemeen nie ‘n goeie kennis van vlermuis het nie.

..... [1]

2 Watter bygeloof word aan die bangmaak-verhaal van Dracula gekoppel?

..... [1]

3 Van watter nut is vlermuise veral in die noorde van Namibië net na die reënseisoen?

..... [1]

4 Vlermuise is nie blind nie, maar gebruik ook nie hul oë om kos te soek nie. Verduidelik in een kort sin watter eienskap dan hiervoor gebruik word.

..... [1]

5 Tot watter dierorde behoort die vlermuis?

..... [1]

6 Wat het voëls en vlermuis in gemeen?

..... [1]

7 Wat is die liggaamslengte van die grootste vlermuise ter wêreld?

..... [1]

8 Waaroor is bewaringsbewustes die meeste bekommerd?

..... [1]

Totaal: [8]

Vraag 4

Lees die leesstukke van vrae 1,2 & 3 weer eens noukeurig deur en beantwoord die taalvrae wat hierop volg:

1 Maak twee sinne met die volgende homoniem sodat die verskil in betekenis van elkeen duidelik is: **geld** (leesstuk 1, paragraaf 7)

.....

..... [2]

2 Skryf 'n idioom uit *Veilige Suid-Afrikaanse Internetkasino* (leesstuk 1, paragraaf 8) neer wat beteken:

Om te kyk wat gaan gebeur voor jy deelneem.

..... [1]

3 Soek 'n woord uit die leesstuk wat dieselfde beteken as die volgende:

Bruikbare (leesstuk 2, paragraaf 11)..... [1]

4 Skryf die volgende sin (leesstuk 3) oor in die lydende vorm:

Die arme vlermuis verdien mos nie hierdie nare reputasie nie. Begin jou sin met:

Hierdie nare ..... [1]

5 Haal een woord uit leesstuk 3 aan vir die volgende: Diere wat hulle kleintjies voed met melk uit hulle borste.

..... [1]

6 Voeg die volgende twee sinne saam deur die voegwoord in hakies te gebruik:

Vlermuise speel 'n belangrike rol in die samelewing.
Hulle help met die bestuiwing van plante. (omdat)

.....

..... [1]

7 Watter voorsetsel is die korrekte by volgende sin?

(Merk jou keuse deur slegs 'n regmerkie [✓] bokant die woord te maak)

Vlermuise behoort aan/tot die klas Mammalia. [1]

8 Herskryf die volgende sin deur die verboë vorm van die onderstreepte woord te gebruik:

Vlermuise se weerstand is <u>laag.</u>

Vlermuise het 'n ……weerstand. [1]

9 Skryf die volgende sin oor in die direkte rede.

<u>Die man sê dat hy slegs wil weet of vlermuise gevaarlik vir mense is</u>.

Die man ..... [1]

Totaal: [10]

AFDELING A [30]

AFDELING B

Vraag 1

Jy is baie trots op jou oupa en jou seun gaan ook eendag sy naam kry: Gert Johannes Beukes.

As 'n goeie kersgeskenk aan jou oupa en ouma, gaan jy hulle vir 'n jaar lank inteken op Huisgenoot. Hulle woon op 'n plaas, Gamkaskloof, aan die noordekant van die Erongoberge.

Hulle adres is: Posbus 1028, Omaruru. Hulle het nie 'n rekenaar nie en val buite die opvangsgebied van selfone. Hulle telefoon is Omaruru (064) 574745.

Jou pa het gesê jy kan sy kredietkaart gebruik om te betaal vir 52 uitgawes van Huisgenoot.

Jou pa bank by Eerste Nasionale Bank.

Opdrag:
Teken jou oupa op HUISGENOOT in deur die onderstaande vorm volledig vir hom te voltooi. Gebruik drukskrif.

HUISgenoot

Inskryfvorm

Teken my asseblief vir 'n jaar (52 uitgawes) op HUISGENOOT in.

TITEL: ..... VOORLETTERS: .....

VAN: .....

POSADRES: .....

.....

TELEFOON: .....

E-POS: .....

Betaalopsies *(Kies opsie 1 of 2 en voltooi)*

1. TJEK ingesluit vir N$ 474.56
   Maak die tjek uit aan Media24 Tydskrifte. Heg die voltooide vorm aan en pos dit na Posbus 1802, KAAPSTAD, 8000

2. KREDIETKAART (Toon kaart aan)
   VISA ☐ MASTER ☐ DINERS ☐ AMERICAN EXPRESS ☐

   Naam soos op kaart: .....

   Kaartnommer: ..... (16 syfers)

10 ÷ 2 = [5]

Vraag 2

Lees die volgende leesstuk noukeurig deur en voer die opdrag uit. Skryf 'n **opsomming** (paragraafvorm) van nie meer as 100 woorde nie oor die aspekte in Liu se lewe wat haar gemotiveer het om 'n boek te skryf.

Sy leer lees op 70 en skryf 'n boek op 73

Taipei. – 'n 73-jarige Taiwannese ouma wat op 70-jarige ouderdom geleer lees en skryf het, het eergister 'n boek gepubliseer – 'n outobiografie oor haar kleurvolle lewe.

Liu-Hsien Mei van Kaohsiung, Suid-Taiwan, het die boek, *A woman in the mountains*, in Taipei uitgereik.

Liu het uit nood om te oorleef haar lewe lank geboer en alleen haar kinders moes grootgemaak. Eers op die ouderdom van 70 jaar het sy begin skoolgaan. Sy het nooit die geleentheid gehad om 'n skool by te woon nie en het nooit opgehou droom om ook eendag te kan lees en skryf nie. Op hierdie ouderdom het sy steeds jonk genoeg gevoel om te leer lees en skryf asook om die rekenaar te gebruik.

Die gevolg is 'n lewensverhaal van 60 bladsye sonder paragrawe of leestekens, maar vol kleur, staaltjies en die mooiste herinneringe. Hierdie paragraaflose stuk skryfwerk sonder leesstekens het haar egter nie ontmoedig om van haar lewe te vertel nie.

Liu was eers van plan om net 25 selfgekopieerde weergawes te druk. Die boek het gesog geraak toe 'n plaaslike radiostasie daarvan te hore gekom het.

"Toe ek jonk was, het my pa my nie aangemoedig om skool toe te gaan nie. Ons was arm en daar was te veel werk wat gedoen moes word. Toe ek getroud is, moes ek die veranwoordelikhede van 'n huisvrou en moeder aanvaar. My droom om te leer lees moes eers nog wag. My man was lank siek en het gesterf toe my kinders klein was. As die broodwinner van 'n gesin kon ek nie tou opgooi nie."

Die tyd vir haar om te begin skoolgaan het aangebreek toe haar kinders een vir een die huis verlaat het. Ongelukkig het dieselfde lot van armoede en ander omstandighede ook haar kinders getref en moes ouma Liu inspring en help kleinkinders grootmaak. Weer eens was sy geduldig om nog te wag om haar droom te laat waar word.

Liu se begeerte om haar herinneringe as plaaskind hoog in die berge met andere te deel was onblusbaar. Daarmee saam het sy soveel rype lewenservaring van al die swaarkry gehad, dat sy ook ander mense in sulke omstandighede van raad wou voorsien.

"Ek het egter baie mooi herinneringe, en ek beskou die lewe as kosbaar," het Liu aan verslaggewers gesê. "Ek moes dit eenvoudig met andere deel, en laat sodoende ook 'n waardevolle erfenis aan my kinders en kleinkinders na." – Sapa-DPA

(Verwerk uit: Beeld – 16.09.05)

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Totaal: [7]

Vraag 3

Jy het ‘n prys gewen met ‘n kompetisie wat jou skool aangebied het. Die prys was ‘n treinvakansie met die *Hotel op Wiele* (sien meegaande pamflet).

NAMIBIË 'n ervaring in 'n ander klas

HOTEL OP WIELE beloof jou 'n ervaring in 'n klas van sy eie...

Jy droom nog altyd oor die misterieuse skoonheid van die Namib-woestyn. Die romantiek van dorpies met name soos Kolmanskop en Diazkruis, die hartlikheid van plekke soos Lüderitz en Swakopmund. Om die wildeperde oor die duine te sien galop, Duitse bier te drink en jouself in die grootsheid van hierdie betowerende land te verloor.

Hotel op Wiele se Namibië-treintoer bied jou al die hoogtepunte van Namibië sonder die harde werk van beplanning en self bestuur. Om Namibië vanuit die gemak van *Hotel op Wiele* te verken, maak dit soveel meer as net 'n ervaring – dit word 'n avontuur wat gevul is met nostalgie en verruklike oomblikke.

Twaalf onvergeetlike dae en elf nagte op ons trein, met etes, besigtigingstoere, luukse busse en toerleiers ingesluit, vanaf 'n skrale R792 per persoon per dag.

Vir volledige besonderhede oor dié opwindende treintoer, of as jy wil bespreek, bel ✆ 012 667 3936 of stuur e-pos na info@hotelonwheels.co.za

Ons sit jou graag op die regte spoor!

Waarom die trein?

- Die trein is opgegradeer binne.
- Die trein is die beste in sy klas in Suider-Afrika.
- Die trein en die personeel bied u die diens en gerief van 'n Hotel op Wiele.

Skakel ons gerus met enige navrae – ons bied talle onvergeetlike treintoere na elke smaak en sak, met toerismeklas-busse en -gidse as integrale deel van ons pakket.



September 2005 - Bylae tot WEG "NAMIBIË" p. 13

Opdrag:

Skryf ‘n kort verslag van 150 woorde aan die skoolkoerant waarin jy die hoogtepunte van hierdie wonderlike treinvakansie met jou mede-skoliere deel.

Voorsien jou verslag van ‘n gepaste opskrif.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Totaal: [8]

AFDELING B: [20]

GROOTTOTAAL: [50]